BYBELSTUDIE DOOD EN HIERNAMAALS 02.

Tema: Die Onsterflikheid van die Mens.

Opsomming 01.

- Die dood is die groot sekerheid in die mens se lewe op aarde.
- Die dood is in sy wese skeiding – naamlik die skeiding van liggaam en siel.
- Die mens bestaan uit liggaam, siel en gees. Die mens is daarom ook ’n ‘driedeling’ soos God drie-enig is. God het sy asem [ruach – Gees] in die mens geblaas sodat die mens ’n lewende siel [Hebreeus – nefesh] geword het. Die gees van die mens word van die siel onderskei [Heb.4:12]. God vorm die mens se gees binne-in hom of haar [Sag.12:1]. So voel, dink, wil die siel van die mens. Die gees daarteenoor bring die mens in gemeenskap met God.
- Die Bybel onderskei drie vorme van dood naamlik:
    - Die geestelike dood [breek met God na die sondeval].
    - Die liggaamlike dood [tydelike dood wanneer liggaam en siel skei].
    - Die ewige dood [die ewige dood as ewige skeiding tussen God en mens].
- Die dood is vir die ongelowige oordeel maar vir die gelowige deurgang.
- Die engele is direk betrokke by die dood van ’n gelowige. Hulle dra ons na ons dood na die hemel. Ook daarin is hulle dienaars van God se liefde.

BYBELSTUDIE 02 DIE ONSTERFLIKHEID VAN DIE MENS.

1. LEES: Eerste deel van Job 14:14.
   Wat is die vraag waarvoor die dood ons stel?

2. LEES: Genesis 1:26-27; 2:7; Efesiërs 4:24.
   Wat leer die skepping van die mens ons aangaande sy onsterflikheid?

3. LEES: Genesis 5:24 [en Hebreërs 11:5]; 2 Konings 2:11; Deuteronomium 18:10-12; Psalm 73:24-26.

Watter getuienis bied die Ou Testament vir die voortbestaan van die siel?

4. LEES: Kolossense 1:18; Johannes 5:28-29; 1 Korintiers 15:13; 20; 22; [vergelyk ook Romeine 5:17 en Johannes 11:25].
   Wat leer die opstanding van Christus ons aangaande ons eie onsterflikheid?

5. LEES: Lukas 23:43 [vgl. Johannes 11:25].
   Lees die tweede kruiswoord van Jesus. Wat kan ons hier aflei oor die onsterflikheid van die mens?

6. LEES: Markus 9:4.
   Wat getuig die Berg van Verheerliking aangaande ons onsterflikheid?

7. LEES: 2 Korintiërs 5:4 en 8; Filippense 1:23.
   Wat getuig Paulus oor die dood en onsterflikheid van die mens?

ANTWOORD.

1. As die mens sterwe, sal hy weer lewe?
   Dit is ’n vraag na die onsterflike voortbestaan van die mens na die dood. Anders gestel: Dit is die vraag of daar ’n hiernamaals vir die mens is.
2. Die skepping van die mens is heel anders as dié van die diere. God skep die mens na sy beeld en gelykenis [vers 27]. Dit gebeur deur die mens se liggaam te vorm en sy [God] asem [ruach –Gees] in hom te blaas [Gen.2:7]. Hier het ons die twee bestanddele van die mens, naamlik die liggaam en die siel. Onder die beeld van God waarna die mens geskape is, verstaan ons geestelike eienskappe soos kennis en heiligheid [Ef.4:24], maar ook onsterflikheid. Juis die siel onderskei die mens van die dier. Die siel gee aan die mens persoonlikheid en onsterflikheid.
3. Die wegneem van Henog [Gen.5:24 en Heb.11:5]; die opneem van Elia in die hemel [2 Kon.2:11]; God se verbod op die “vra van die gees van ’n afgestorwene” en die “raadpleging van die dooies” [Deut.18:10-12]. Hierdie is die bewys van die onsterflike voortbestaan ná die dood; Psalm 73:24-26 wys ook op die verwagting van ’n hiernamaals.
4. Jesus Christus het gesterf, Hy het opgestaan en Hy leef. Só het Hy die “Eersgeborene” uit die dode geword [Kol.1:18] en daarmee sy volgelinge voorgegaan. Omdat Hy leef sal ons leef.
5. Die misdadiger glo werklik dat Jesus hom kan red. Op grond van Jesus Christus se versoeningswerk kry hy die versekering van genade en die belofte van die paradys. Die woord paradys is van Persiese oorsprong en dui op ’n park of ’n tuin. Dit het later ontwikkel om ’n plek van geluk aan te dui. Hierdie belofte van Jesus aan die kruis is daarom nie vir die verre toekoms bedoel nie.

Dit is bedoel vir die onmiddellike hede, na die dood van die misdadiger. Hy het dus die vooruitsig van ’n salige lewe aan die oorkant van die dood [Joh.11:25].

6. Hier verskyn heiliges uit die Ou Bedeling aan Jesus en die dissipels. Hulle het reeds eeue gelede gesterwe maar is onsterflik as kinders van God.
7. Paulus beskou die dood as “ons verblyf in die liggaam wil verlaat en by die Here gaan woon” [vers 8 1983 vertaling]. Die dood is volgens hom ’n ondervinding waardeur “die sterflike deur die lewe verslind word” [vers 4 1953 vertaling]. En verder: Die dood is ’n “heengaan om met Christus te wees” [Fil.1:23 1953 vertaling].

****